**Desember is propvol kykgenot op die kykNET-kanale**



Van ʼn eg-Afrikaanse Kersfeesblyspel wat spesiaal vir hierdie feesseisoen vervaardig is tot die première van ʼn speelfilm oor ʼn groep kinders wat op die Suid-Afrikaanse platteland by die rykes wil steel om vir die armes te gee. Gooi ʼn sopie of twee humor, musiek en rugby in en jy het die perfekte kykgenot hierdie feesseisoen.

**Uithalerflieks vir Saterdae in Desember**
Drie vollengte flieks is op die spyskaart vir Desember.



**Vlugtig**
**3 Desember om 20:00 op kykNET (DStv-kanaal 144)**

Die aspirant-akteur Simon Berg (Arno Greeff) se lewe neem ʼn onverwagse wending wanneer hy genooi word om deel te word van ʼn herverbeelding van Rooikappie onder regie van Andreas Vog (Ernst van Wyk). Ook te sien is Jane de Wet as Chantel Opperman. Die regisseur is Marinus Gubitz.



**Beurtkrag**
**10 Desember om 20:00 op kykNET (DStv-kanaal 144)**
Jasper (Ivan Botha) wil nie alleen wees nie. Fransie (Donnalee Roberts) is onafhanklik en verkies dit so. Wanneer hulle saam intrek, hoop hulle dit is ’n nuwe begin. Maar beurtkrag tref hulle op die eerste aand en wat begin as ’n jolige aan, eindig op met elkeen wat hulle swaar bagasie uitpak. Die regisseur is Jozua Malherbe.




**Desemberdiewe**
**17 Desember om 20:00 op kykNET (DStv-kanaal 144)**
Dis somer en Kersfees is om die draai. Jo en haar ma het onlangs na ’n klein dorpie getrek, maar Jo sal enige plek op aarde wees as daar. Karma het egter ’n manier om selfs vir 11-jariges ’n les of twee te leer en sy besluit om Kersgeskenke by die rykes te steel om vir die armes te gee ...
In die rol van Jo is die nuweling Judi Hattingh en Roeline Daneel is te sien as haar ma, Retha. Ook in die rolverdeling is Marvin-Lee Beukes as sersant Kleingeld en Juan-Christoff Smith (Lem) en Blake Pharo (Azul) as Jo se vriende. Die draaiboekskrywer en regisseur is Carla Smith.

**Vier Kersfees saam met kykNET**
**kykNET Kersfeesblyspel**
**24 Desember om 20:00 op kykNET (DStv-kanaal 144)**
**25 Desember om 19:30 op kykNET&kie (DStv-kanaal 145)**



Die Kersverhaal gaan op ’n unieke wyse vertel word met geliefde Afrikaanse Kersliedjies wat tussendeur geweef word. Sangers sluit ondermeer Willem Botha, André Schwartz en Early B in en ander bekende kykNET-persoonlikhede wat te sien is, is Leah, Germandt Geldenhuys, Stephanie Baartman, Hamilton Wessels, Lynelle Kenned en Rika Sennet.




**Aksiebelaaide dokumentêr huldig top-Springbokke**
**Drie dekades se beste Bokke met Rapport**
**Reeks begin op 19 Desember om 20:30 op kykNET (DStv-kanaal 144)**
Vanjaar is dit 30 jaar gelede sedert Suid-Afrika in 1992 ’n hertoetrede tot internasionale rugby gemaak het. Om hierdie herdenking te vier, het die Sondagkoerant Rapport vanjaar met die hulp van ‘n paneel kenners die top-30-Bokke van die afgelope 30 jaar gekies.

Vanaf Maandag 19 Desember om 20:30 word die dokumentêre reeks *Drie dekades se beste Bokke met Rapport* op kykNET (DStv-kanaal 144) uitgesaai waarin hulde aan dié top-30 Springbokrugbyspelers gebring word. Daar sal in elkeen van die uurlange episodes na tien Springbok-rugbyspelers se loopbane en hoogtepunte gekyk word. Daar is drie episodes in die reeks.

**Sondagoggend-vermaak**
**Andrew Murray-prysfonds se toekenningsaand 2022**
**4 Desember om 10:30 op kykNET, DStv-kanaal 144**
Die jaarlikste Andrew Murray-prysfonds huldig uitnemendheid in die Christelike media deur werke van hoogstaande gehalte in Afrikaans en ander Suid-Afrikaanse tale te bekroon. Hierdie program is ’n opname van vanjaar se toekenningsaand.



**Le nozze di Figaro**
**11 Desember om 10:30 op kykNET, DStv-kanaal 144**
Mozart se briljante warrelwindkomedie vol kinkels, kabels en huweliksklokke wat lui. Met ander woorde: die perfekte opera!

**Christmas in July**
**18 Desember om 10:30 op kykNET, DStv-kanaal 144**
Vier Kersfees met ballet en musiek. Met internasionale balletsterre soos Adiarys Almeida en Taras Domitro en ikoniese tonele wat jou na ’n pragtige Kersfees gaan wegvoer.

**Die Gauteng Filharmoniese-orkes se Kerskonsert**
**25 Desember om 10:30 op kykNET, DStv-kanaal 144**
’n Pragkonsert met Kersfeesmusiek saamgestel deur Willem Vogel en met die Gauteng Filharmoniese-orkes onder leiding van David Scarr en die koorlede van Studio Chorale.

**Oujaarsaand-vermaak**

**André Rieu - Falling in Love in Maastricht**

**31 Desember om 20:00 op kykNET, DStv-kanaal 144**



Geniet ’n aand vol musiek, emosies, humor en romanse saam met die Koning van die Wals, André Rieu.

**Sepie-hoogtepunte in Desember**



**Arendsvlei**
**Maandae – Donderdae 19:30 op kykNET&kie**

Dis Kerfsfeestyd, maar daar is geen stille nagte in Arendsvlei dié maand nie met Hein en Petra se geheime verhouding, Beatrice wat in die moeilikheid beland en Ayesha en Langes wat nader aanmekaar beweeg.

Beatrice en Clint het nog altyd struikelblokke in hul verhouding ervaar. Maar hoeveel kan mens tog vat? Nadat Petra besef het sy het gevoelens vir Hein, spring sy dadelik aan die werk om hom daarvan te laat weet. Hein is uit die veld geslaan en heeltemal deurmekaar, maar stem in om iets met haar te gaan drink. Dit gaan goed aan die begin en dan ewe skielik spring Hein op en vlug.

Ayesha en Langes besef daar mag dalk iets meer tussen hulle wees, maar albei is nog onseker. Ayesha kom met allerhande gedagtes voor om meer tyd met Langes te spandeer, maar sal hulle eindelik hulle pad na mekaar vind?



**Binnelanders**
**Weeksdae om 19:30 op kykNET**
Nie almal in Binneland is ewe ingenome met Nicolette nie, Dawid waarsku vir Steve teen haar, en Liam vind uiteindelik uit wat in Kanada gebeur het. Genevieve se teenwoordigheid word gevoel, al sit sy nie ’n voetjie verkeerd nie – totdat sy besluit om ’n “situasie” wat haar irriteer op te los. Steve en Ewa maak verskeie ontstellende ontdekkings, At kry ’n onverwagse besoeker en Jacques moet ongemaklike inligting met At deel. Chanel kom kuier en sy en Danny verval in ou patrone wat haar weer seermaak. Annelize word verpletter deur nuus en ’n donker wolk hang oor Pretoria. Louis en Naomi verwelkom vir Thalia, Karen se neef Armand word in Binneland opgeneem en Uys is terug. Elise vertel vir Gaby van Tannie Kietie en Conrad en Tracy sluit die jaar gemoedelik af.

**Diepe waters**
**Maandae tot Donderdae om 18:30 op kykNET**



Die families in *Diepe waters* se verhoudinge word oor die Kersgety getoets, finansies veroorsaak kopsere en iemand se donker geheim sien amper die lig - en dit is nie net Arno wat vir Johan na die donker diepkant toe lok nie!
Die spanning loop hoog in Rossouw se huishouding en terwyl Sanet rooi sien oor ’n spesiale brief aan Anja, is Johan se antwoord blykbaar in 'n naald. Gys en die kompeterende afrigter Frederich weet net hoe om mekaar se knoppies te druk en Zelda se Kersfeesgees moet plek maak vir haar 'lekker-kry' oor Gys se 'swaar-kry'. Wim weet nie hoe om ‘n moeilike gesprek met Rose te begin nie en die Kersfeespartytjie is agtergrond waarteen ’n baie groot drama ontvou.



**Suidooster**
**Maandae tot Vrydae om 18:00 op kykNET en kykNET&kie**

Desember is die tyd vir familie, vriende, son, somer, braai en ontspan na nog ’n jaar verby is. Desember in Ruiterbosch is ’n tyd vir nuwe en ou gesigte om die lewens van ons gunsteling-inwoners te kom verryk, te kom verander en deurmekaar te krap. Verhoudings word uitgedaag, nuwe drome word realiteite en almal kyk terug op ’n jaar vol drama, intrige, oomblikke van geluk en oomblikke van hartseer. Maak seker jy kyk om te sien wie is terug, wie begin vir mekaar te loer, wie se verhouding word met die onmoontlike uitgedaag en wie gaan die nuwe jaar sonder mekaar in. Een ding is seker: hierdie Desember gaan Suidooster sorg vir genoeg "ek kan nie glo dit het nou net gebeur nie"-oomblikke.

**Hoogtepunte op kykNET&kie**



**Koortjies vier ook die feesgety**
**Sondag 25 Desember en 1 Januarie om 18:00 op kykNET&kie, DStv-kanaal 145**

Koortjies met Jonathan Rubain wat weekliks Sondae om 18:00 op kykNET&kie (DStv-kanaal 145) wys, het vanjaar twee spesiale episodes vir kykers. Vorige bekende gaste op die program kom weer terug in die kersfees episode: Don Vino, Karin Kortjé, Berry Trytsman en Jarrad Ricketts. En dan vat sangers Anslin Gysman, Salomé en Cheswyn Ruiters asook die Suidooster-akteurs Natasha van der Merwe en Eden Classens, kykers in die nuwejaar!

**Dinner for One**
**31 Desember om 23:30 op kykNET&kie, DStv-kanaal 145**
Miss Sophie vier haar 90ste verjaardag en James, haar huiskneg, drink ’n heildronk op die verskillende karakters wat deur die jaar haar verjaardag bygewoon het.

**Dinner for One Too**
**1 Januarie om 00:00 op kykNET&kie, DStv-kanaal 145**
’n Suid-Afrikaanse weergawe van Dinner for One, maar hierdie keer is die rolle omgeruil: Elize Cawood is te sien as die huiskneg en Wilson Dunster is Miss Sophie.

**9 Desember om 21:00 op kykNET NOU!, DStv-kanaal 146**
Classics is Groot is ’n asemrowende musiekskouspel wat voor ’n gehoor by die NG Kerk Moreletapark se ouditorium opgeneem is.

**Dis Kersfees op kykNET NOU!**




**Van 20 Desember tot 15 Desember op kykNET NOU!, DStv-kanaal 146**

Dis tyd vir saam wees. Dis tyd vir familie. Dis tyd vir stil word. Dis tyd vir Kersfees. Kom luister na al die goue Kersfees-gunsteling op Dis Kersfees.

Uitsaaitye:

20 Desember – 16:30
21 Desember – 17:00
22 Desember – 21:00
23 Desember – 16:00
24 Desember – 23:30
25 Desember – 10:00 en 15:30